Munisipaliteit • U-Masipala • Municipality
OVERSTRAND

OKTOBER 2023

Bulletin

#overstrand4all | Amptelike nuusbrief van die Munisipaliteit Overstrand | #C4ourself

Posbus 20, Hermanus 7200

Telefoon

Hermanus	028 313 8000
Gansbaai	028 384 8300
Kleinmond	028 271 8400
Stanford	028 341 8500
24-uur-beheerkamer	028 313 8000/8111
Brandweer	028 312 2400

OVERSTRAND SE **INSPIRERENDE VROUE** VERDIEN ALLE LOF

*Burgemeester Rabie vier **Overstrand se Inspirerende Vroue** in die geselskap van 'n paar onbesonge heldinne. Agter is Bea Whittaker, Anchelle Damon, Jenny October, Melinda Wessels, Dianne Galant en Jo-ann Lewis; en voor is Lana Coates en Maria Hofman.*

Ter viering van Vrouemaand het Uitvoerende Burgemeester, dr. Annelie Rabie, twee geleenthede aangebied waar die onbesonge heldinne van die Overstrand getrakteer is op 'n heerlike ontbyt en deur plaaslike kunstenaars en dansers vermaak is.

"Maak nie saak of julle tuisteskeppers, oumas, tannies of sommer net iemand se sussie is nie, julle is die mense wat 'n groot verskil maak deur jul talente en vaardighede ten beswil van die gemeenskap in sy geheel in te span – ongeag of dit by die huis of in die werksplek is.

"Keer op keer, karige middele – min geld, gebrekkige data en geen vervoer – ten spyt, gaan julle steeds uit jul pad om 'n ander in nood te hulp te snel.

"Danksy die onwrikbare toewyding wat julle dag na dag aan die dag lê, het julle soveel meer mense geïnspireer om hande te vat in 'n strewe na die opheffing en bemagtiging van gemeenskappe: Daarvoor is ons julle ewig dankbaar," het die Burgemeester gesê.

Winnie Nywebeni, Noluvuyo Bandeza, Agnes November, Mqukuse Andiswe, Xoliswa Wogqoyi, Ntombenene Dlepu, Pheliswa Zimba, Vuyiswe Mbiko en Nomathamsanqa Max sê die erkenning wat die Burgemeester se onthaal aan hulle verleen het, dien as inspirasie om selfs nog meer te doen om hul gemeenskappe te bemagtig.

TOERISME-INDABA

daag deelnemers tot vernuwende denke

September is tradisioneel Erfenis- en Toerismemaand. Aangesien Munisipaliteit Overstrand van voorneme is om 'n strategie vir toerisme te ontwikkel wat eerder op die bedryf se behoeftes fokus as op daardie dinge wat die munisipaliteit noodwendig as prioriteite beskou, is 'n Toerisme-indaba vanaf 6-7 September in Hermanus belê waarheen alle rolspelers en belangstellende en belanghebbende partye genooi is.

Onderburgemeester Lindile Ntsabo, Uitvoerende Burgemeester dr. Annelie Rabie, die Wes-Kaapse minister van landbou dr. Ivan Meyer en Overstrand se munisipale bestuurder Dean O'Neill by die Toerisme-indaba

Dr. Ivan Meyer, Wes-Kaapse minister van landbou, was die hoofspreker, en dit is te verstane dat hy op die waarde van agritoerisme gefokus het, veral aangesien hierdie bedryf soveel meer geleenthede vir die Overstrand kan ontsluit juis omdat die wyn, kaas, seekos, vars produkte en fynbos wat uniek aan hierdie area is, reeds wêreldwyd so gesog is.

Ter aansluiting by minister Meyer se rede, het die gasheer, rdl. Clinton Lerm, wat as die voorsitter van die portefeulje vir infrastruktuur, investering en toerisme op Overstrand se Raad dien, die spreekwoordelike knuppel in die hoenderhok gegooi deur te vra of Overstrand se naam nie dalk na Kaapse Walviskus verander moet word nie.

Die beweegrede vir sy "vernuwende denke" is dat hernoeming van die munisipale gebied nie net potensiële toeriste se belangstelling sal prikkel nie, maar ook sal verseker dat alle dorpe – groot en klein – dieselfde blootstelling as deel van 'n enkele bestemmingspakket geniet: Voorwaar stof tot nadenke!

Op 'n vraag oor hoe sy oor die uitkomste van die Indaba voel, het Uitvoerende Burgemeester dr. Annelie Rabie gesê dat die hoë bywoningsyfer beslis daarop dui dat die meeste rolspelers in die toerismebedryf gretig is om hul insigte te deel en meer te wete te kom oor hoe toerismegeleenthede op 'n volhoubare en haalbare wyse ontgin kan word.

"Die opbouende gespreksvoering ten tyde van die Indaba sal ongetwyfeld bydra tot die formulering van 'n visionêre strategie vir toerisme in die Overstrand, en ons bedank almal wat die Indaba bygewoon het vir hul waardevolle bydraes en ons vennote vanuit die openbare en private sektor vir hul advies, ondersteuning en insigte", het sy bygevoeg.

Onder diegene wat daar was om hul kundigheid te deel en van raad te wees, was Daleen Fouché (Suid-Afrikaanse Nasionale Ruimteagentskap), Martina Barth (Liz McGrath Collection), Theresa Emerick (NightsBrige), Barry O'Donoghue (Cape Xtreme Adventure Tours), Jayne Rogerson (Universiteit van Johannesburg), Ali Abdullah (Thompsons Africa), Jessica Smit (White Shark Projects) en Teddy Ntsete (SA Graderingsraad)

NEGE NUWE KRAGOPWEKKERS GEÏNSTALLEER OM WATER- EN RIOLERINGSFASILITEITE TEEN BEURTKRAG TE BESKERM

Al nege noodkragopwekkers wat aangekoop is met behulp van die R6,7 miljoen wat via die Wes-Kaapse Regering tot Munisipaliteit Overstrand se beskikking gestel is om die impak van beurtkrag op kritieke basiese dienste te verlig, is teen die einde van Augustus geïnstalleer.

Drie is ten volle operasioneel en die oorblywende ses is tans in verskeie stadia van toetsing voordat hulle ten volle in bedryf gestel word.

Pearly Beach-waterbehandelingsaanleg in die omstreke van Gansbaai

Hierdie kragopwekkers word by kritieke water- en afvalwaterfasiliteite gebruik om die impak wat beurtkrag op die voorsiening van hierdie basiese dienste het, te versag.

Die totale projekkoste (ingeslote die munisipaliteit se bydrae vanuit eie befondsing) beloop R9 295 762.63 (BTW ingesluit).

Die kragopwekkers is by die volgende water- en rioleringsfasiliteite geïnstalleer:

- Mosselrivier-rioolpompstasie;
- Rioolpompstasie by Kleinmond se tennisbane;
- Kleinmond-waterbehandelingsaanleg;
- Klipgatfontein-pompstasie;
- De Kelders-waterbehandelingsaanleg;
- Pearly Beach-waterbehandelingsaanleg;
- Gansbaai-afvalwaterbehandelingsaanleg;
- Palmietrivier-rouwaterpompstasie in Kleinmond; en
- Grootmaat-rouwaterpompstasie by die Kraaiboschdam in Gansbaai.

De Kelders-waterbehandelingsaanleg in Gansbaai



Kleinmond-waterbehandelingsaanleg

Mosselrivier-rioolpompstasie in Hermanus

Rioolpompstasie by Kleinmond se tennisbane

HELP ASSEBLIEF OM DIE DRUK OP WATER- EN RIOLERINGSTELSELS TE VERLIG:

MOENIE KWISTIG MET WATER OMGAAN NIE

Selfs al is die meeste kritieke water- en afvalwaterfasiliteite in die munisipale gebied nou met noodkragopwekkers toegerus, is dit steeds van kritieke belang om die vlakke van ons reservoirs te handhaaf en om die vloei van afvalwater na rioolpompstasies te verlaag.

Ongelukkig hou die hoër vlakke van beurtkrag wat Eskom van tyd tot tyd afdwing, steeds 'n groot gevaar in vir Munisipaliteit Overstrand se vermoë om kritieke rioolbehandelingsaanlegte en rioolpompstasies en die waternetwerk in die algemeen te beveilig.

Kortom kan onderbrekings in kragvoorsiening van 4,5 uur op 'n keer en vir tot soveel as 12 ure in enige gegewe 24-uur-tydperk tot gevolg hê dat reservoirs nie na behore aangevul kan word nie en dat rioolpompstasies faal:

- As reservoirs nie na behore aangevul kan word nie, sal die watertoevoer – veral na hoogliggende gebiede – onderbreek word.
- As rioolpompstasies faal, is stortings hoogs waarskynlik.

Juis daarom is dit in almal se beste belang om water so spaarsaam as moontlik te gebruik.

Wees egter gerus dat Munisipaliteit Overstrand alles in sy vermoë doen om die integriteit van sy water- en rioleringsnetwerk te beveilig, en inwoners sal deurentyd betyds gewaarsku word indien enige storting sou voorkom.

RIOOLSTORTINGS STEEDS GROOT BEDREIGING

Die impak van beurtkrag hou steeds 'n groot gevaar vir Overstrand se kuslyn in, veral waar pompstasies nog nie met noodkragopwekkers toegerus is nie.

Onlangs is daar gerapporteer dat die Zwinglershoek - rioolpompstasie in die omstreke van Eastcliff in Hermanus 'n storting by Bayview, geliefd onder branderplankryers, veroorsaak het. Die betrokke pompstasie het 'n baie hoë invloei maar beperkte stoorkapasiteit, met die gevolg dat dit ten tyde van beurtkrag en hewige reënbuie geneig is tot stortings.

Suigtenktrokke het weens die nou toegangspad ook nie toegang tot die pompstasie nie. Die pompstasie is geoormerk vir 'n algehele opgradering en verskuiwing op die lange duur.

Ongelukkig moes die fondse wat beskikbaar gestel is om die impak van beurtkrag te versag na gelang van die dwingendste behoeftes geprioritiseer word en was dit nie voldoende om ook hierdie pompstasie te dek nie.

Tot tyd en wyl sal die munisipaliteit steeds tekens aanbring om die publiek teen moontlike stortings langs die kuslyn te waarsku en onmiddellik openbare kennisgewings in hierdie verband uitreik.

AGTERSTAND MET AANSOEKE OM DEERNISHULP UITGEWIS

Teen begin-September is al 2 875 aansoeke om deernishulpsubsidies verwerk. Hiervan is 2 341 goedgekeur, onderwyl 387 nuwe aansoeke en 147 onvolledige aansoeke was.

Ongeveer 29,84% van die goedgekeurde en nuwe aansoeke is afkomstig vanuit die Groter Gansbaaigebied, 51,53% vanuit die Groter Hermanusgebied, 8,80% vanuit die Hangklip-Kleinmondgebied en 8,91% vanuit die Stanfordgebied.

Die getalle is as volg:

GANSBAAI

Baardskeerdersbos	6
Buffelsjag	4
Blompark	291
Gansbaai	81
Masakhane	434
Pearly Beach	75
Uilenskraal	26

HERMANUS

Fisherhaven	10
Hawston	726
Komplekse	2
Mount Pleasant	346
Northcliff	1
Sandbaai	32
Vermont	5
Westcliff	161
Zwelihle	486

KLEINMOND

Bettysbaai	24
Kleinmond	154
Overhills	36
Proteadorp	77
Pringlebaai	5
Uitbreiding 6	27

STANFORD

Stanford	280